



*Towerlantern Fotografie*  
**fotografienuus**  
mei 2023

*Laatmiddagligspel* – Lensopening: f22; Sluiterspoed: 1/2 sekonde; Fokale lengte: 200 mm



Dink terug aan die dorp of stad waar jy grootgeword het. Is daar enige rivier of dam of spruit daar naby wat jy onthou? Of dalk die see? Het jy al ooit teruggegaan om dit te gaan fotografeer?

Mei se voorbladfoto toon iets van "my" grootword-rivier, die Oranjerivier. Ons maak die tema van hierdie uitgawe rivierfotografie. Miskien neem dit jou terug na verre plekke uit jou jong jare waar jy en maats rondgespeel het (dam, spruit, selfs 'n gwarriegat). As jy so iets te vertel het, stuur dit gerus vir ons vir plasing.

Geniet hierdie uitgawe van Fotografienuus. Ons bedoeling is steeds om vir jou die lekker van fotografie te laat beleef. En of jy nou self foto's neem of net daarvan hou om daarna te kyk, lees gerus verder. Lewers in hierdie uitgawe moet iets wees wat jou sal interesseer en plesier sal gee. Lees beslis hoe jy jou foto's van vales na treffers kan verander met die hoë dinamiese reikwydte proses.

Johan

**Redakteur:** Johan de Klerk

**Bladuitleg:** Fransa van Colourcode Designs

*Wil jy graag 'n bydræ lewer tot Towerlantern se nuusbrief? Kontak ons gerus vir meer inligting hieroor! Towerlantern behou die reg voor om sekere artikels / foto's nie te plaas nie. Menings uitgespreek in artikels is dié van die skrywers, en nie van Towerlantern self nie. Ons ontvang ook advertensies, doen gerus navraag.*



# voorbladfoto —————

Waterfotografie kan groot plesier verskaf. Soos alle ander fotografiegenres is daar 'n oneindige aantal moontlikhede, waaronder rivierfotografie, met nog weer verskillende sub-moontlikhede. Die voorbladfoto toon een so 'n sub-moontlikheid: laatmiddagligspel op water, soos die titel van dié foto sê.

Die tegniese besonderhede van die foto is redelik vanselfsprekend. Wat egter belangriker is, is die komposisie. Trouens, komposisie by kunswerke, en in ons geval fotografie, is altyd belangrik. As jy niks daarvan weet nie, help ons graag – doen net navraag.

'n Fotovriendin sê die volgende oor die voorbladfoto: "Pragtig! My oë dwaal voor in die weerkaatsing rond en gaan dan na die oranje 'sprietjies' toe." En 'n fotovriend merk op: "Kleur en beweging baie goeie vasgevang. Grasse baie treffend. Stem saam, die strepies oranje in geheel blougrys van amper wit na swart, is baie mooi."



# Rivierfotografie

tema & wenke

By ons inleidende nota het ons gepraat van die Oranjerivier. Waarskynlik weet die meeste mense van die Augrabieswaterval en dat dit in die Oranjerivier is. Baie besoekers mik ongelukkig net na die waterval en niks meer nie.

Maar, wees baie meer kreatief as jy beplan om 'n sekere fotogenre jou tema van die week of maand te maak – veral ook as jy op vakansie gaan. Lees meer daarvoor voordat jy op reis gaan en besef die baie moontlikhede. Rivierfotografie is een so 'n voorbeeld. Dink maar net aan die wye verskeidenheid temas: watergoggas, waterligspel, watermaalstrome, waterstroomversnellings, watervalle, watervoëls, waterweerkaatsings, en so gaan die lys aan.

Terug by die Augrabieswaterval. As jy daarheen reis, besef dus ook dat daar 'n ravyn van 240 meter diep en ongeveer 18 kilometer lank onder die val strek. Daar is 'n goeie grondpad, vir hoër voertuie, daarheen. Die foto hierby wys wat jy kan verwag as jy daar gaan foto's neem. Dit gaan jou 'n groot deel van die dag besig hou. Onthou om jou driepoot saam te vat, want weens skaduwees helder oordag is dit noodsaaklik om die proses van hoë dinamiese reikwydte toe te pas – ons gesels verderaan daarvoor.



*Ararat en Oranjekom-omgewing, Augrabies*

**Het jy geweet?** Die Oranjerivier is in 1779 deur kolonel Robert J Gordon so genoem ter ere van die Nederlandse Prins van Oranje. Dit is die langste rivier in Suid-Afrika. Dit word ook soms die Gariep genoem. In Lesotho word die rivier die Senqu genoem.





# Wat is hoë dinamiese reikwydte?

Dit kan partykeer baie moeilik wees om die regte beligtingsinstelling vir 'n toneel te doen. Een voorbeeld is juis 'n diep ravyn helder oordag, met sterk sonverligte dele en diep skaduwees in een toneel. Na so 'n toneel word verwys as 'n toneel met hoë dinamiese reikwydte. Dan is dit voordelig om 'n reeks foto's te neem wat wissel van effens onderbelig tot effens oorbelig en waaruit die beste(s) agterna gekies kan word (moontlik ook na bestudering op 'n rekenaarskerm).



Om dit reg te doen, kan een van die volgende twee prosedures gevolg word:

- Sommige kameras het 'n outomatiese instelling om drie foto's byna gelyktydig na mekaar te neem. Dié proses word beligtingsamekoppeling (Engels: *exposure bracketing*) genoem. Hierdie foto's wissel dan onderling met net 'n klein variasie in instelling.
- Dit kan ook met die hand gedoen word deur óf die sluiterspoeë óf die lensopening óf ISO óf twee van die drie óf al drie na mekaar te verstel. Al die foto's word dus dan die een na die ander geneem.

Die drie foto's hierby wys 'n moeilike ligsituasie (lig en donker in een toneel). Hieruit kan jy die beste keuse maak volgens jou smaak.



Daar is egter 'n beter tegniek as om drie aparte foto's te hê. Jy kan naamlik die drie foto's een maak. Op sommige kameras is daar 'n instelling hiervoor (genoem *hdr*, *high dynamic range*). Dit is egter nie 'n proses wat aanbeveel word nie. Laai veel eerder 'n gratis kopie af van die program *Photomatix*. 'n Beginnersweergawe, met watermerk, is gratis beskikbaar. Die foto op die volgende bladsy wys die finale produk van so 'n *hdr*-proses. Let op na die skadu links wat nou nie so donker is dat die rotse nie gesien kan word nie.





Besef ook, vir jou eie wete, dat enige van die eerste drie foto's nie in 'n tydskrif geplaas sal word nie, maar die finale, verwerkte produk sal sekerlik wel geplaas word.

*Towerlantern Fotografie*  
- mei 2023 -



# RIGLYNE

# VIR RIVIERFOTOGRAFIE

## VOORAF

Hierdie riglyne geld vir 'n "moëlike" riviertoneel (lig en donker in een toneel) met gebruikmaking van die hoë dinamiese reikwydte proses.

## KAMERA-INSTELLING:

Dit word aanvaar dat jy 'n buitertoneel het met 'n hoë kontrasverskil. Die gebruik van 'n driepoot is uiters noodsaaklik omdat die drie foto's wat geneem gaan word nie in toneel mag verskil nie, maar slegs in liggehalte.

### TIPE LENS

Gebruik enige tipe lens wat kan in- en uitzoem.

### FORMAAT

Landskap sal goed werk.

### ISO

Gebruik die laagste ISO-waarde, bv. 100.

### WITBALANS

Enige nie-kunsmatige witbalansstelling sal goed wees.

### FOKUSPUNT & ROWWE FOKUSSERING

Wees presies met die keuse van fokuspunt.

### LENSOPENING

Kies 'n middelwaarde lensopening, byvoorbeeld f11 of f16. Dit kan selfs nog verder gevarieer word.

### SLUITERSPOED

Gebruik die liniaal vir 'n "korrekte" stelling van die sluiterspoed en neem 'n foto. Verstel dan die waarde na 1 stop hoër en 1 stop laer vir nog twee foto's. Altesaam dus 3 verskillende foto's.

### FYN FOKUSSERING

Kontroleer die fotoskerpte; pas aan.

## AKSIE:

Gebruik *Photomatrix* om een foto te kry. As daar enige snywerk aan die foto gedoen moet word, doen dit eers nadat hierdie proses voltooi is en nie vroeër nie; byvoorbeeld soos om die swart kol regs onder in die voorbeeldfoto weg te sny.

# Wat beteken “crop factor” en “full-frame sensor”?

Voer die volgende eksperiment uit – fisies of net in jou kop. Gebruik 'n kleinerige, reghoekige badkamer-handspieël. Druk jou neus byna teen die spieël en let op dat daar dele van jou gesig afgesny word – jy het dus 'n “gesnyde” beeld. Kyk nou na die gewone, veel groter, spieël teen die badkamermuur. Jy weet self dat jou hele gesig in die spieël inpas – jy het dus nou 'n “vol” beeld.

By kameras is dit presies dieselfde. Die badkamerspieël is nou die sensor en die beeld wat jy wil afneem is jou gesig in die eksperiment. Ons kan dit ook só stel: In baie kameras is die beeld wat in die kamera deur die lens gevorm word en die sensor nie ewe groot nie.

Hoe kleiner die sensor, hoe kleiner is die gedeelte van die gevormde beeld wat dan waargeneem word. Die sensor knip (Engels: *crop*) as't ware die waargenome beeld kleiner (asof die spieël jou gesig knip). Hierdie verkleining word as 'n verhouding aangedui en staan bekend as die knipfaktor (Engels: *crop factor*) en wissel tussen 1,3x en 2x.

Hierteenoor gebruik duurder kameras, waaronder professionele kameras, sensors wat die hele beeld waarneem. Dit word dan gesê dat die sensor volraam (Engels: *full-frame*) is (asof jy nou in die groot spieël jou hele gesig sien).

ons hoor  
graag van ons

*lesers*

## **Braam Pieterse, Potchefstroom:**

Baie dankie weereens vir Fotografienuus. Hierdie uitgawe [April 2023] het, soos die ander ook, weer besondere foto's! Veral treffend en oulik is die *jumping spider*. Maar die landskappe is ook uitstaande.

## **Anna-Marie du Plooy, Alberton:**

Die gedeelte oor die parallaksverskil [April 2023] was veral vir my baie interessant. Jou eksperiment is presies wat jy doen om te bepaal watter jou dominante oog is as jy wil skyfskiet met 'n wapen. My linkeroog is my dominante oog, maar ek is regshandig. So, dit beteken as ek met 'n geweer wil skiet, moet ek dit linksom doen, wat natuurlik vir my dan nie baie gemaklik is nie. Het dit wel soms moes doen in al my jare se skyfskiet, maar die handwapen was vir my baie lekkerder omdat ek die wapen anders vashou as 'n geweer.



# OM 'N KUNSSALON TE HOU OF NIE?

Ons het verlede maand in 'n artikel gelees van kunssalonne. Ons het ook verstaan dat nie alle inskrywings wat ingestuur word, aanvaar word nie.

Die vraag ontstaan: Wat sal jy as fotograaf (en vir ons doeleindes, 'n goeie fotograaf) doen as jou foto's nie aanvaar word nie? Gaan jy in sak en as sit, of, dalk, gaan jy 'n ander uitstalling reël?

Voordat ons verder gaan, wil ons dit net eers duidelik stel dat Towerlantern se uitgangspunt in sy 15 jaar van bestaan, nooit was om kompetisies te reël nie. Ook was en is ons uitstallings nooit gebaseer op 'n kompetisie-basis nie. Ons het dus nooit uitstallings gehou en persone gediskwalifiseer nie. Ons werkwyse was altyd dat iemand, sê, 10 foto's kan instuur, waarvan ons 3 voorstel vir uitstaldoeleindes. En die werkwyse was en is steeds dat al stuur iemand wat, daar sal daarvan uitgestal word – al sou dit selfs tonele wees wat nie in die “gemiddelde smaak” val nie. Dit mag dalk net die begin van 'n nuwe fotogenre wees.




*Claude Monet, Impression, Sunrise*

Die volgende saak is in hierdie verband werd om van kennis te neem. Ons gee dit op die volgende bladsy direk uit die bron, *Art history*.

Bron: <https://shorturl.at/zBEFV>



The background of the entire page is a soft-focus impressionist painting, likely by J.M.W. Turner, showing a landscape with a body of water and a small boat. The colors are muted and blended, with a focus on light and atmosphere.

Impressionism coalesced in the 1860s when a group of painters including Claude Monet, Alfred Sisley and Pierre-Auguste Renoir pursued *plein air* painting together.

American John Rand never joined their ranks as a preeminent artist, but as a painter living in London, he designed in 1841 a device that would revolutionize the art world: paint in a tube. His clever new technology offered easily portable, pre-mixed paint, and allowed painters to bring their process outdoors. Rand's technological leap allowed spontaneity and a casual quality to the work of Impressionists. Over time, other artists joined in the practice, and their exploration together moved from indoor studios to outdoor cafes, with regular get-togethers to discuss their ideas.

Realist painter Edouard Manet was part of this crowd and is often referred to as an Impressionist because of his early influence on and close friendships with the members of the movement. The Impressionists took many of Manet's techniques to heart, particularly his embrace of modernity

as subject matter and the spontaneity of his brush strokes, along with his use of color and lighting. All these qualities are displayed in his 1863 painting *Le Dejeuner sur l'Herbe*. The movement made its official debut in 1874 in a show hosted by the Paris photography studio of Félix Nadar. This show was an alternative to the Académie des Beaux-Arts' Salon de Paris, which had been the official exhibition and overseer of art world standards since 1667.

Comprised of works submitted to the Salon that were rejected by the Académie, the group calling itself "The Cooperative and Anonymous Association of Painters, Sculptors, and Engravers" featured 30 artists showing work, including some of the most now-famous names in art: Monet, Renoir, Sisley, Cézanne, Degas and Pissarro.

The Impressionist took their name from an insult hurled by the press at one of Monet's paintings, *Impression, Sunrise*. Critics heaped scorn on the work presented in the show as "unfinished" and compared it unfavorably to wallpaper.





# TOOR

MET JOU  
KAMERA &  
DRIEPOOT

Impressionisme het begin as 'n skilderkuns-vorm. Dit het egter oor jare uitgebrei na baie ander kunsvorms, waaronder fotografie. Daarmee word dus gesê dat foto's ook geskep kan word om impressionistiese werke te lewer! Ons het in die verlede ook al daarvoor gesels.

Ons noem een basiese, en maklike, tegniek om impressionistiese foto's te skep. Die tegniek kom daarop neer dat jy die kamera tydens die oop sluitertyd baie effens en reëlmatig beweeg. Dit is dus natuurlik ook logies dat die sluiterspoed stadig moet wees (0,8 sekonde is 'n goeie beginpunt). Verder moet die beligting hanteer word met die lensopening- en ISO-stelling, om te verhoed dat die foto oorbelig is.

Jy kan hierdie tegniek ook gebruik (hier kom die toordery in) om lastige pale in 'n toneel te laat verdwyn. Jy het 'n mooi sonsondergang-toneel wat jy wil afneem (soos in die foto hierby), maar daar is pale in die pad. Beweeg dan die kamera baie effens van links na regs, of andersom. As jy bome wil afneem, maar daar is 'n lastige horisontale draad in die pad, beweeg dan weer die kamera vertikaal.





# JOU KEUSE: CANON SPIEËLLOOS?

Die vraagteken hierbo vra eintlik of jy sou wens om 'n nuwe kamera te hê? En meer spesifiek, of jy sou belangstel in 'n spieëllose ene?

Voordat ons verder gesels: As jy twyfel oor die begrip “spieëlloos”, slaan weer Fotografienuus van April 2023 na. As jy twyfel oor die begrip “volraam”, blaai dan net 'n klompie bladsye terug in hierdie uitgawe.

Kom ons speel eers jy is 'n arm man met 'n ryk man se geaardheid. Jy wil dus graag rondkyk ongeag die prys. Kyk dan gerus na die Canon EOS R8. Dié kamera is spieëlloos (Engels: *mirrorless*) en volraam (Engels: *full-frame*). Dit word hoog aangeskryf deur 'n resensent by die volgende skakel. Kyk gerus daarna.

Bron: <https://shorturl.at/gmMNZ>



Ons speel verder: Besluit vervolgens jy is 'n arm man wat gaan spaar – en oorweeg dit om na die kamera se prys te gaan kyk by verskillende winkels. Dalk is dit nie totaal onbetaalbaar nie, of dalk kan jy reël dat jy dit as volgende verjaarsdaggeskenk kry.

Ongeag arm of ryk, geaardheid of nie, skryf die kamera gerus op jou wenslys neer. Spieëllose kameras is waarskynlik die ding van die toekomst.



# OP INTERNET GESIEN



Nick Fancher is 'n fotograaf wat daarvan hou om rond te speel met verskillende kleure en dramatiese beligting. Die foto's het amper 'n surrealistiese, bonatuurlike gevoel. Maak 'n draai op sy webblad en kyk na sy portefeulje by <https://www.nickfancher.com/>



# OP INTERNET GESIEN

Chad Ajamian is 'n geografiese inligtingswetenskaplike en navorser in Australië. Hy spesialiseer in infrarooifotografie en natuurlike gevare. Hy het 'n passie daarvoor om wetenskap en data op 'n visuele manier uit te beeld deur sy foto's.

Hierdie infrarooifoto is geneem in Hawkesbury, Nieu-Suid-Wallis, Australië na afloop van 'n vlloed. Dit help nooddienste om vlloedgebiede en plantegroei beter van mekaar te kan onderskei teenoor gewone lugfoto's.

Bubblegum Floods - I've been using infrared aerial imagery at work as part of the recent flood response and recovery. The pretty lorax bubblegum colourscheme is infrared, where trees glow pink as they reflect infrared, which helps contrast it against the water which absorbs it. Much easier to visualise where water is instead of the regular brown on green. <https://www.instagram.com/cajamian/>





**GAAN OP REIS**

*saam met Towerlantern*



*Namibië, soos gesien vanaf die dadelplaas Klein Pella,  
Noord-Kaap.*





In aansluiting by ons tema, rivierfotografie, wil ons vir jou 'n paar geleenthede noem waarmee jy jousef, en jou beursie, kan vermaak. Ons gesels spesifiek oor die Oranjerivier.



# GAAN OP REIS

*saam met Towerlantern*

**EERSTE MOONTLIKHEID:** Bly tuis en toer visueel saam. Kyk oorsigtelik na die Oranje, die grootste en langste rivier in Suid-Afrika, soos saamgevat deur Dawid Brand. Lees ook meer oor die feit dat die Gariepdam al 50 jaar oud is.

Bronne: <https://tinyurl.com/mrxkp62v> <https://tinyurl.com/v7nd59w6>

## **TWEEDE MOONTLIKHEID:**

Hierdie moontlikheid is vir die meer dapperes. Daar is baie variasies van kano-, kajak- en riviervlotvaarte (Engels: *river rafting*) op die Oranje.

Die volgende lyk na 'n uitstekende een:



<https://youtu.be/LI8JZVXbdbU>



**DERDE MOONTLIKHEID:** Onderneem 'n rustige bootreis van 'n paar dæ op een van die damme in die Oranjerivier. Die volgende is 'n moontlikheid by die Gariepdam, hoewel dit vir 'n groot groep mense bedoel is en bitter duur is. Tog gee dit jou 'n voorsmakie – en weer iets vir jou wenslys.

Bron: <https://tinyurl.com/3wxmpm98>





# FOTO- *idees*

Idee 1: Maak gebruik van agterbelighting om 'n treffende toneel te kry.

*Towerlantern Fotografie*  
- mei 2023 -

# FOTO- *idees*

Idee 2: Neem foto's van brûe oor riviere, ravyne, slote – enigiets. (Foto: Sienie de Klerk)

*Towerlantern Fotografie*  
- mei 2023 -



# FOTO- *idees*

Idee 3: Neem drie sonsondergangfoto's en verwerk dit met behulp van *Photomatix* tot iets heel besonders en uniek.

*Towerlantern Fotografie*  
- mei 2023 -

# FOTO- *idees*

Idee 4: Neem met jou selfoon foto's van onverwagte tonele, byvoorbeeld wolke (selfs al is jy by 'n parkeerterrein).

*TowerLantern Fotografie*  
- mei 2023 -



# FOTO- *idees*

Idee 5: Pas die zœmring draaitegniek toe op enige watertoneel om 'n buitewêreldse foto te kry.



*Towerlantern Fotografie*  
- mei 2023 -